INLEIDING

Die boeke van die Bybel

Die boeke van die Bybel word verdeel in verskillende dele. Die Hebreeuse Bybel volg (min of meer) die volgende indeling:

- Die Wet
  - Die Wet bestaan uit die eerste vyf boeke van Moses.
  - Dit word ook die Pentateug genoem.
- Die profete
  Die profete word in twee groepe verdeel:
  - Die historiese boeke: Josua, Rigters, Samuel en Konings
  - Die profetiese boeke word in twee groepe verdeel:
    - Die drie groot profete: Jesaja, Jeremia en Esegiël
    - Die twaalf klein profete
- Die geskrifte
  Die geskrifte word onderverdeel in drie kleiner groepe:
  - Job, Spreuke en Psalms
  - Die vyf boeke wat by vaste geleenthede voorgelees is:
    - Hooglied – by die Paasfees
    - Rut – by die Pinksterfees
    - Klaagliedere – op die gedenkdag vir die verwoesting van die tempel
    - Prediker – by die Loofhuttefees
    - Ester – by die Purimfees
  - Daniël, Esra, Nehemia en Kronieke

Die Griekse Ou Testament (Septuaginta) volg 'n heeltemal ander indeling:

- Historiese boeke
  Die Pentateug, Josua, Rigters, Rut, die vier Koningsboeke (1&2 Samuel en 1&2 Konings) en Kronieke
- Digterlike boeke
  Esra, Nehemia, Ester, Job, Psalms, Spreuke, Prediker en Hooglied
- Profetiese boeke
  Hosea, Amos, Miga, Joël, Obadja, Jona, Jesaja, Jeremia, Esegiël, Daniël, ens.

Dit is dus duidelik dat die Bybel nie van die eerste tot die laaste bladsy die aarde se geskiedenis kronologies weergee nie. Die boek Ester is byvoorbeeld taamlik vroeg onder die boeke ingedeel, terwyl dit na-Ballingskapse geskiedenis weergee, met ander woorde geskiedenis van ongeveer 400 v.C.

Hierdie kursus gaan aandag gee aan die kronologie van die geskiedenis, met ander woorde in watter volgorde dinge met die mensdom gebeur het. Dit loop op die spoor van die eerste mense af totdat ons uiteindelik by die Nuwe-Testamentiese kerke kom.

Die geskiedenis val uiteen in die volgende tydvakke:

- Die voor-Israelitiese geskiedenis
- Die ontstaan en vorming van die volk Israel
- Israel: Die ryke Juda en Israel